**Maandag 27 November**
**Skrifgedeelte: Psalm 2 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Psalm 2:6**
**God is God, of mense en owerhede dit erken of nie, skuil by Hom!**

Die wêreld waarbinne Israel geleef het, was ’n omgewing wat gekenmerk is deur gedurige vyandskap tussen volkere soos die Kanaäniete, Edomiete, Moabiete, Egiptenaars, Assiriërs en Babiloniërs. Ons leef self ook in ’n omgewing waar daar voortdurend politieke stryd en spanning is. By die ou volke was dit die sterkste mense wat die regering vir hulleself toegeëien het. In ons geval kies mense ander mense om oor hulle te regeer. Mense bring dus mense voort om die owerheid te vorm. Ons weet hoeveel spanning hierdie owerhede vir ons bring as gevolg van al die planne wat hulle maak.

Hierdie spanning is egter nie op God en die een wat Hy aangestel het om te regeer, van toepassing nie. Geen mens het vir God of sy koning aangestel nie, en daarom is Hy nie verantwoording aan mense verskuldig nie. Hy is die oppermagtige God en laat Hom dus nie lei deur mense nie, want Hy regeer volgens sy eie volmaakte raadsplan.

Psalm 2 leer ons van die sorg, orde en sekuriteit wat die koning wat op Sion regeer, moes bring. Daardie koning moes altyd regeer in onderdanigheid aan God. Uit die verloop van die geskiedenis van Israel het dit duidelik geblyk dat menslike konings nie daardie skoene kon volstaan nie. Alhoewel mense faal, verseker God se verbond met Dawid (2 Sam. 7) dat daar altyd iemand uit Dawid se nageslag op die troon sal wees om te regeer. Uiteindelik het God die volmaakte Koning gestuur om al die mag in die hemel en op die aarde te hê. Jesus Christus is nie maar bloot Koning van hierdie wêreld nie, maar Hy het al die mag in die hemel en op die aarde (Ef. 1:20, 21).

Daarom eindig Psalm 2 met ’n ernstige waarskuwing dat versuim om God te erken vir Wie Hy is, rampspoedige gevolge sal hê. Die verstandige regeerder sal hom daarom aan die Here onderwerp in ’n besef van totale afhanklikheid. Die Nuwe-Testamentiese gelowige wat as profeet, priester en koning leef, moet daarom met Psalm 2 se wysheid leef sodat dit goed kan gaan omdat ons by God skuil.

*Sing: Psalm 2-1:6*
*Prof. PC van der Walt (Chris) (TSP)*